
Leergemeenskap

Werkskepping deur Gemeentes

Werkloosheid is dié grootste uitdaging in Suid-Afrika wat ‘n drywer is vir baie van ons land se sosiale uitdagings. Daar word geraam dat 33% mense werkloos is, terwyl tot 47% van jongmense nie werk het nie. In baie gemeenskappe is hierdie die grootste uitdaging om aan te spreek om die toekoms van die gemeenskap te bevorder.

Elke huishouding waar daar iemand is met ‘n volhoubare en stabiele inkomste verlaag die druk op die staatskas, kans op gesins- en huishoudelike geweld en misdaad.





Inligting vir gemeentes wat oorweeg om deel te neem:

Leergemeenskap: **Werkskepping deur Gemeentes**

Begeleiding: SenSI Hugenote Kollege (Sentrum vir Sosiale Innovasie) in samewerking met kerkelike leiers en gemeenskaps organisasies.

Ekumene: Sinodale Strukture van verskeie kerke onderskryf die proses, insluitende VGK, ELCSA, NGK, Great Commission en UCCSA

1. Tydsduur: Twee jaar
2. Byeenkomste: Twee maandeliks 120 min aanlyn sessies (daar word ook in-persoon sessie oorweeg in streke waar gemeentes naby mekaar is)
3. Gemeente se Kerkraad of Leierskap neem ‘n besluit om deel te neem indien hulle van oordeel is dat dat hulle roeping is om aan die werkloosheid uitdagings in die gemeenskap ‘n verskil wil maak
4. Stel ‘n taakspan in plek wat leiding neem - 4 tot 6 persone
5. Afskop datum is 23 Februarie 2027

Wat die leergemeenskap die deelnemende gemeentes sal bied:

1. **‘n Span van kundiges** ontwikkel inligting en strategie vir die deelnemende gemeentes. Hierdie span sluit in bestaande en suksesvolle werkskepping NPO’s, ekonome, demograwe, fasiliteerders, kundiges in diakonaat en gemeenskapsontwikkeling. Die kundiges sal soos wat die proses vorder aanhou navorsing doen om gemeentes te help om toepaslike strategie te ontwikkel.
2. Gemeentes word gehelp om hulle demografie met ‘n fokus op werkloosheid te ontleed- Wat is die uitdaging en wat is die geleenthede?
3. Gemeentes word voorsien van ‘n **Roetekaart** wat voorlopers in werkskepping prosesse al geleer het. Dit sal gemeentes help om te bepaal waar hulle kan begin en wat die volgende tree kan wees. Een van die belangrikste lesse wat ons leer is dat ons moet verstaan dat die pad van werkloosheid tot volhoubare inkomste ‘n komplekse pad is waar ‘n verskeidenheid van rolspelers in die gemeenskap hande moet vat om gemeenskapslede te begelei en nie net een ding te doen en hulle dan op die vlakte laat nie. Die roetekaart sluit oa in:
    a. Identifiseer ‘n klein begin waaruit ons kan leer
    b. Benut die kundigheid van gemeente en gemeenskapslede
    c. Mentors wat mense kan begelei tot suksesvolle werknemers
    d. Die ontwikkeling en opleiding in vaardighede van werklose mense
    e. Die vormende uitdaging om werklose mense te ondersteun om weer te glo in hulle eie vermoens ens
    f. Die bou van sinergie tussen opleiding en die behoeftes van die potensiele werkgewers in die gemeenskap.
4. Gemeentes word deel van die **leergemeenskap** sodat hulle by ander kan leer vir twee jaar waarna hulle selfstandig kan voorgaan. Ons ervaring is dat so ‘n leergemeenskap gemeentes help met veerkragtigheid en om slimmer te werk omdat hulle leer by ander gemeentes se suksesse.
   Ons leer saam, ons bid saam, ons tel mekaar op en dra mekaar.
5. **Deelnemersfooi:** Gemeentes word gevra om R2000 per jaar te betaal om te help om die Leergemeenskap volhoubaar te maak.
6. Kontak vir ds Barnard Steyn by barnard@kaapkerk.co.za om te registreer voor 9 Des 2026.